Hoofstuk

6

ERASA

Uithourit Vereniging van Suid-Afrika

Beamptes

HOOFSTUK 6: RITKOMITEE EN BEAMPTES

REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 6

Artikel	Onderwerp	Datum van wysiging
6.1	Voeg Woordbepalings in	Aug 2010
6.2.2.5	Aanstelling van beamptes	Feb 2011
6.3	Akkreditasie van beamptes	Feb 2011
6.5.1.1	Deurgee van name vir akkreditasie	Feb 2011
6.6.1	Akkreditasie van tydhouers	Feb 2011
6.6.1.3	Hooftydhouer	Feb 2011
6.7.1	Deurgee van name vir akkreditasie	Feb 2011
6.7.1.5.1/2	Aanstel van veeartse vir diens by rit	Feb 2011
6.7.2	Aanstel van kontroleveeartse	Feb 2011
6.7.3	Aanstel van behandelingsveearts	Feb 2011
6.2.2.12	Mediese bystand	16 Apr 2012
6.2.2.13	Bord by ingang na terrein	Nov 2012
6.5.2.2	Ritmeesterskomitee by groot ritte	Nov 2012
6.5.1.1	Deurgee van name vir akkreditasie	2 November 2016
6.7.2.1.2	Aantal veeartse by hek stelstel	4 November 2017
6.7.2.1.1	Aantal veeartse by ritte	25 Julie 2018
6.7.2.1.2	Uitgehaal	25 Julie 2018
6.7.3.2.1	Behandelingsveearts	25 Julie 2018
6.7.1	Hoofveearts	22 Oktober 2018
6.7.1.1	Akkreditasieregister	22 Oktober 2018
6.5.1.1	Ritmeesters	25 September 2020

6. RITKOMITEE EN BEAMPTES

6.1 Woordbepaling
6.2 Ritkomitee
6.3 Akkreditasie van beamptes
6.4 Administrasie
6.5 Ritmeester
6.6 Tydhouers
6.7 Veeartse
6.8 Baanbeampte
6.9 Kontrolebeamptes

6.1 WOORDBEPALING

By die uitleg van hierdie reëls dra elke woord of uitdrukking die betekenis soos hieronder uiteengesit, t ensy dit uit die sinsverband of samehang van woorde blyk dat die betrokke woord of uitdrukking 'n ander betekenis dra. Woorde wat die enkelvoud aandui kan ook die meervoud beteken en manlike terme kan ook vroulike terme beteken, na gelang van die verband waarin dit gebruik word.

6.1.1 **Beslissings.** Besluite geneem deur ampsdraers van die Vereniging, klubbesture, uniebesture, 'n veeartspaneel en die dagbestuur van die Raad, soos gedelegeer en/of bekragtig deur die Raad, sowel as besluite geneem deur die Raad.

6.1.2 **Hoofritmeester.** ’n Ritmeester wat by ’n uithourit as hoof van die ritmeesters-komitee (wat by die betrokke uithourit diens doen) optree.

6.1.3 **Hooftydhouer.** ’n Persoon (wat vooraf voldoen het aan die vereistes vir akkreditasie as hooftydhouer) wat as hoof van die tydhoupaneel by ’n uithourit optree.

6.1.4 **Hoofveearts.** ’n Veearts (geregistreer by die Suid Afrikaanse Veterinêre Raad, en wat vooraf aan die vereistes vir akkreditasie as hoofveearts voldoen het), wat by ’n uithourit as hoof van die veterinêre paneel (wat by die betrokke uithourit diens doen) optree.

6.1.5 **Kontrolebeampte**. Persone deur die ritkomitee aangestel wat diens doen by ’n uithourit en toesien dat sake by die veeartsarea, wegspringarea en op die baan vlot verloop.

6.1.6 **Ritmeester.** ’n Lid van die Vereniging (wat vooraf voldoen het aan die vereistes vir akkreditasie as ritmeester), wat by ’n bepaalde uithourit (alleen of as deel van ’n ritmeesterskomitee) toesig hou oor die nakoming van die reëls van die Vereniging soos van toepassing op die bepaalde uithourit.

6.1.7 **Tydhouer**. ’n Persoon wat as lid van die tydhoupaneel by ’n uithourit optree.

6.1.8 **Veearts.** Veeartse wat by die Suid Afrikaanse Veterinêre Raad geregistreer is kan as kontrole-, baan en/of behandelingsveeartse by ’n uithourit optree. Veeartse wat in die buiteland

geregistreer is, kan ook op uitnodiging as kontroleveeartse optree (maar mag nie by die behandeling van perde betrokke raak nie).

6.1.9 **Veeartspaneel.** 'n Paneel van veeartse (goedgekeur deur die reëlingskomitee van die betrokke uithourit) wat omsien na die veeartsenykundige aspekte van ’n spesifieke uithourit ooreenkomstig die bepalinge van die grondwet en reëls van die Vereniging.

6.2 RITKOMITEE

6.2.1 Die bestuur van die klub wat die rit aanbied stel die ritkomitee aan (of kan self as ritkomitee dien)

6.2.2 Die ritkomitee moet verseker dat:

6.2.2.1 Die ritbasis, kontrolepunte en baan veilig is vir deelnemers, beamptes, helpers, besoekers en deelnemende perde.

6.2.2.2 Daar voldoende water, ablusies, parkering en kampeerplek by die ritbasis, sowel as voldoende water by alle kontrolepunte weg van die ritbasis beskikbaar is.

6.2.2.3 Die veeartsondersoekareas groot genoeg is (in verhouding tot die aantal inskrywings wat verwag word), met ’n plat en stewige oppervlakte. Voldoende beligting moet aangebring word indien ondersoeke saans/snags moet plaasvind.

6.2.2.4 Daar 'n behandelingsarea beskikbaar is, waar perde onder beheer aangehou kan word terwyl hul onder behandeling van 'n veearts is. Daar moet verkieslik minstens een drukgang en twee klein kampies/stalle by die behandelings-area beskikbaar wees.

6.2.2.5 Verantwoordelike en kundige beamptes beskikbaar is om, om te sien na alle aspekte van die rit. Beamptes wat diens doen tydens die verloop van die rit mag nie self as ruiters aan die rit deelneem nie.

6.2.2.5.1 Die ritkomitee moet die ritmeester, hoofveearts, hooftydhouer, inweegbeampte en baanmeester aanstel en toesien dat voldoende kontrolebeamptes beskikbaar is. Die ritmeester, hooftydhouer en hoofveearts moet geakkrediteer wees (kyk elders in hierdie hoofstuk).

6.2.2.5.2 Die hoofveearts moet òf self die res van die veeartspaneel en behandelingsveeartse aanstel, of hierdie aanstellings moet kan die ritkomitee gemaak word na noue skakeling met die hoofveearts (voordat die aanstellings gemaak word).

6.2.2.5.3 Die ritkomitee moet vooraf met die hooftydhouer skakel rakende die aantal en vlak van kundigheid van die ander tydhouers, en toesien dat voldoende tydhouers beskikbaar is.

6.2.2.6 Administratiewe beamptes/helpers beskikbaar is om, om te sien na alle administratiewe aspekte van die rit.

6.2.2.7 ’n Persoon aangestel word om die ritvoorligting aan te bied.

6.2.2.8 ’n Perdewa met sleepvoertuig beskikbaar is om beseerde en/of uitgetrede perde op die roete te gaan haal. Beplanning moet so wees dat dit moontlik is om gemaklik met ’n voertuig op meeste plekke op die roete uit te kom om perde op te laai.

6.2.2.9 Die baan gemerk word in ooreenstemming met die reëls soos neergelê in Hoofstuk 2.

6.2.2.10 Voldoende waterpunte op die baan beskikbaar is in ooreenstemming met die reëls soos neergelê in Hoofstuk 2.

6.2.2.11 Toesien dat die ritmeester, die hoofveearts en die hooftydhouer die voorgeskrewe verslae na afloop van die rit voltooi en indien, en toesien dat hierdie verslae saam met die rituitslae en voorgeskrewe heffings by die UV v SA kantoor ingedien word.

6.2.2.12 Mediese bystand op die terrein van die rit beskikbaar is.

6.2.2.12.1 By klub- en unieritte moet die persoon wat op bystand minstens as ’n Intermediêre Lewensondersteuningspraktisyn geregistreer wees. Die telefoonnommer van die naaste nooddienste (wat ’n ambulans na die terrein kan uitstuur) moet by die persoon op mediese bystand sowel as die ritmeester beskikbaar wees.

6.2.2.12.2 By ritte met vierhonderd (400) of meer inskrywings moet die persoon op bystand minstens as ’n Gevorderde Lewensondersteuningspraktisyn geregistreer wees en moet ’n ambulans vir die duur van die rit op die terrein beskikbaar wees.

6.2.2.13 Daar by ingange na die terrein of ’n ander gepaste plek ’n bord vertoon word wat aandui:

6.2.2.13.1 Reg van toegang is voorbehou.

6.2.2.13.2 Alle persone betree die terrein op eie risiko.

6.2.2.13.3 Ander aspekte soos van toepassing op die spesifieke terrein.

6.3 AKKREDITASIE VAN BEAMPTES

6.3.1 Die Algemene Bestuurder van die Raad moet ’n akkreditasieregister t.o.v. veeartse, ritmeesters en tydhouers byhou. Voorwaardes vir opname in die register word hieronder bespreek. Slegs ’n veearts/ritmeester/tydhouer wie se naam in die register aangeteken is, mag as

hoofveearts/ritmeester/hoofritmeester hooftydhouer by ’n rit optree. Lede se name bly slegs in die register indien hulle steeds aktief by die sport betrokke is. ’n Rit kan nie aangebied word as die senior beamptes nie geakkrediteer is nie.

6.3.2 Dit is die verantwoordelikheid van die Uithourit Veterinêre Belangegroep (vir veeartse), die Ritmeestersgroep (vir ritmeesters) en Uniebesture (vir tydhouers) om toe te sien dat nuwe beamptes (wat aan die vereistes soos hieronder neergelê voldoen) se besonderhede aan die Algemene Bestuurder deurgegee word vir insluiting in die akkreditasieregister. Die Algemene Bestuurder moet op gereelde basies met bostaande groeperings skakel om te verseker dat die inligting deurgegee word.

6.3.3 Die Algemene Bestuurder moet toesien dat 'n opgedateerde weergawe van die akkreditasieregisters ten alle tye op die UV v SA webtuiste beskikbaar is.

6.4 ADMINISTRASIE EN DRAG

6.4.1 By elke rit moet die name en telefoonnommers van die volgende beamptes en persone by die administratiewe kantoor of ’n sentrale punt op ’n bulletinbord of ander geskikte plek aangebring word. Dit kan ook in die ritprogram (indien een gedruk word) gepubliseer word:

6.4.1.1 Die ritmeester.

6.4.1.2 Die voorsitter van die ritkomitee (of 'n persoon wat navrae rakende probleme op die terrein, soos watervoorsiening en stalle, kan hanteer).

6.4.1.3 Die hoofveearts

6.4.1.4 Die hooftydhouer

6.4.1.5 Die behandelingsveearts.

6.4.1.6 Die mediese beampte op bystand.

6.4.1.7 Die hoefsmid op bystand.

6.4.1.8 Die baanbeampte

6.4.2 Alle beamptes (insluitend veeartse) is op vergoeding van reiskostes geregtig teen ’n tarief soos jaarliks deur die Raad bepaal.

6.4.3 Veeartse ontvang ook ’n heffing soos deur die Raad bepaal (die heffing per ruiter word verdeel deur die aantal veeartse wat by die rit diens doen; die verdeling van hierdie heffing is die verantwoordelikheid van die hoofveearts), onderhewig aan 'n minimum bedrag soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

6.4.4. Persone wat as beamptes by uithouritte optree moet toepaslike kleredrag, wat nie afbreuk doen aan die beeld van die uithouritsport nie, dra.
6.4.4.1 Tydens openings- en afsluitingseremonies, prysuitdelings en soortgelyke byeenkomste moet beamptes netjies klere dra, wat (waar van toepassing) ’n baadjie en das insluit.
6.4.4.2 By voorrit ondersoeke en gedurende die duur van die rit moet beamptes netjiese werksdrag dra. Kortbroeke, oorpakke en sandale word nie toegelaat nie.

6.5 RITMEESTER

6.5.1 Lede van die vereniging wat vir minstens vyf jaar by die sport betrokke is (hetsy as deelnemers, bestuurslede of beamptes) kan genomineer word om as ritmeesters te dien.

6.5.1.1 Genomineerde lede moet ’n kursus soos saamsgestel en aangebied deur die Provinsiaale ritmeesterbywoon waarna hulle by minstens een rit saam met ’n ervare ritmeester moet diens doen. Met die goedkeuring van die Provinsiaale Ritmeester dat die lid ervare genoeg is, word die persoon se naam an die Ritmeester groep voorgelê. Daarna word die lid se naam aan die Algemene Bestuurder van die Raad deurgegee vir opname in die akkreditasieregister.

6.5.1.2 Geakkrediteerde ritmeesters moet voortdurend op hoogte bly van alle reëlveranderings en moet ’n opgedateerde reëlboek beskikbaar hê by elke ritbyeenkoms waar hul diens doen. Dit is die verantwoordelikheid van elke ritmeester om toe te sien dat sy/haar reëlboek op datum gehou word. Die Algemene Bestuurder moet toesien dat 'n opgedateerde weergawe ten alle tye op die UV v SA webtuiste beskikbaar is.

6.5.1.3 Geakkrediteerde ritmeesters moet by minstens een ritbyeenkoms elke twee jaar as ritmeester diens doen om akkreditasie te behou. Waar ritmeesters in 'n ander rol (anders dan diens as ritmeester) by ritte betrokke was, kan aansoek by die Ritmeestersgroep gedoen word om akkreditasie te behou.

6.5.2 Die ritkomitee stel die ritmeester aan.

6.5.2.1 Die ritmeester mag nie gelyktydig ook 'n ander amp/pos tydens 'n rit beklee nie (bv. die voorsitter van die ritkomitee kan nie ook die ritmeester wees nie).

6.5.2.2 Slegs een ritmeester word vir elke ritbyeenkoms aangestel. By groot byeenkomste, soos bv. Nasionale Kampioenskappe, kan ’n ritmeesterskomitee aangestel word.

6.5.2.3 By ritte wat nie ’n klawervormige baan volg nie en waar daar kontrolepunte by verskillende plekke op die roete is, moet senior beamptes aangestel word om die ritmeester by te staan, sodat die ritmeester of 'n senior beampte ten alle tye by elke kontrolepunt (vir solank as wat daar perde deur die kontrolepunt beweeg) teenwoordig is.

6.5.3 Die Ritmeester staan in beheer van die rit, en word met die gesag beklee om beheer te kan uitoefen. Hy sien oorkoepelend toe dat al die bepalinge van die Grondwet en Reëls van die

UVVSA te alle tye nagekom word gedurende die ritbyeenkoms waar hy/sy diens doen, insluitend maar nie beperk nie tot die volgende:

6.5.3.1 Skakeling met die ritkomitee voor die aanvang van die rit om te verseker dat die uitleg van die ritbasis/kontrolepunte nie onnodige opeenhoping sal veroorsaak nie.

6.5.3.2 In samewerking met die ritkomitee en die hoofveearts, verseker dat die uitleg van die veeartsondersoekarea groot genoeg is in verhouding tot die aantal inskrywings.

6.5.3.3 Inspeksie van die baan voor die aanvang van die rit om te verseker dat aan al die vereistes m.b.t. die merk van, en die voorsiening van water op, die baan voldoen word.

6.5.3.4 Toesien dat ’n ritvoorligtingsessie voor die aanvang van die rit gehou word.

6.5.3.5 Verseker dat daar by neergelegde reëls en prosedures gehou word gedurende die volle duur van die ritbyeenkoms, en toesien dat ruiters en helpers aan die opdragte van beamptes gehoor gee.

6.5.3.6 Oorhoofs toesig hou oor alle beamptes (uitgesonderd die veeartspaneel) van die rit.

6.5.3.7 Deurlopende saaltuiginspeksie.

6.5.3.8 Alle besware en/of klagtes moet skriftelik by die Ritmeester ingedien word (kyk hoofstuk 7). Die Ritmeester is die sameroeper van die appèlkomitee by die betrokke ritbyeenkoms.

6.5.3.9 Die Ritmeester mag ’n ruiter deelname ontsê indien die noodhulpbeampte / mediese beampte van mening is dat die ruiter nie kan voortgaan met die rit nie.

6.5.3.10 Die Ritmeester moet die ruiters met raad bystaan sodat elke deelnemer die beste kans het om die rit te kan voltooi.

6.5.3.11 Aan die einde van die rit moet die Ritmeester die voorgeskrewe ritmeesters-verslag voltooi en by die klubsekretaris indien.

6.5.3.12 Die dienstermyn van die ritmeester begin by aankoms op die terrein (betyds om vooraf die baan te inspekteer en toesig te hou oor die inskrywingsproses) en eindig 30 minute na afloop van die prysuitdeling. Die ritmeester moet gedurende hierdie dienstermyn op of naby die terrein van die rit beskikbaar wees.

6.6 TYDHOUERS

6.6.1 Hooftydhouer. Persone wat by minstens vyf ritte as tydhouer opgetree het kan as hooftydhouers dien.

6.6.1.1 Nadat ’n tydhouer by vyf ritte diens gedoen het, word sy/haar naam deur die Uniebestuur aan die Algemene Bestuurder deurgegee vir opname in die akkreditasieregister.

6.6.1.2 Geakkrediteerde tydhouers moet by minstens een ritbyeenkoms elke twee jaar diens doen om akkreditasie te behou. Waar geakkrediteerde tydhouers in 'n ander rol (anders as tydhouer) by ritte betrokke was, kan aansoek by die tydhoukomitee van die Raad gedoen word om akkreditasie te behou.

6.6.1.3 Die ritkomitee stel die hooftydhouer vir die betrokke rit aan.

6.6.1.3.1 Die hooftydhouer mag nie gelyktydig ook 'n ander amp/pos tydens 'n rit beklee nie (bv. die voorsitter van die ritkomitee kan nie ook die hooftydhouer wees nie).

6.6.1.3.2 Slegs een hooftydhouer word vir elke ritbyeenkoms aangestel.

6.6.1.3.3 By ritte wat nie ’n klawervormige baan volg nie en waar daar kontrolepunte by verskillende plekke op die roete is, behoort van voldoende ervare tydhouers gebruik gemaak te word om die hooftydhouer by te staan, sodat daar te alle tye ’n ervare tydhouer by elke kontrolepunt (vir solank as wat daar perde deur die kontrolepunt beweeg) teenwoordig is.

6.6.1.4 Die hooftydhouer sien oorkoepelend toe dat die tydhouproses by die rit vlot verloop. Hierdie sluit in maar is nie beperk nie tot die volgende:

6.6.1.4.1 Skakeling met die ritkomitee voor die aanvang van die rit, en die ritmeester tydens die rit, om te verseker dat voldoende toerusting en tydhouers (beide met inagneming van die tydhoustelsel wat toegepas gaan word) beskikbaar sal wees.

6.6.1.4.2 In samewerking met die ritkomitee, verseker dat 'n groot horlosie wat met die tydhoustelsel gesinkroniseer is, opgestel word op 'n plek waar dit duidelik sigbaar is vir alle ruiters en helpers, sodat almal voortdurend op hoogte bly met die amptelike tyd.

6.6.1.4.3 Bestuur die tydhouproses by elke kontrolepunt.

6.6.1.4.4 Verseker dat perde op die regte tyd afgesit word.

6.6.1.4.5 Teken aankomstye van ruiter/perdkombinasies vanaf elke been aan.

6.6.1.4.6 Bereken die tyd waarbinne die perd vir die veeartsondersoek aangebied moet word, en sien toe dat perde betyds aangebied word (insluitend na voltooiing van die laaste been van die rit).

6.6.1.4.7 Bereken vertrektyd van ruiter/perdkombinasies vir die volgende been.

6.6.1.4.8 Reik tydkaartjies uit, en ontvang dit (onderteken deur 'n veearts) terug nadat die perd deur die veeartspaneel ondersoek is.

6.6.1.4.9 Teken alle ontrekkings, eliminasies, uittredes, diskwalifikasies en traplere wat gestop word aan, en lê alle data op rekenaar vas.

6.6.1.4.10 Verwerk alle tydhou data op rekenaar en stel rituitslae op.

6.6.1.4.11 Voltooi die voorgeskrewe tydhouersverslag aan die einde van die rit en dien by die klubsekretaris in.

6.6.1.3 Die dienstermyn van die hooftydhouer begin betyds op die voorafgaande dag sodat alle tersaaklike data op die rekenaar vasgelê kan word en eindig 30 minute na afloop van die prysuitdeling. Die hooftydhouer moet gedurende hierdie dienstermyn op of naby die terrein van die rit beskikbaar wees.

6.6.4 Tydhouers. Enige lid van die UV v SA, sowel as enige ander bekwame persoon kan as tydhouer optree. Hierdie persone word aangewend om die hooftydhouer by te staan in die uitvoering van sy/haar pligte.

6.7 VEEARTSE

6.7.1 Hoofveearts. ’n Veearts wat by die Suid Afrikaanse Veterinêre Raad geregistreer is moet by minstens **TIEN (10) ritte** as veearts optree voordat hy/sy genomineer kan word om as hoofveearts te dien.

6.7.1.1 Nadat ’n veearts by **TIEN (10) ritte** diens gedoen het, word sy/haar naam deur die Uithourit Veterinêre Belangegroep aan die Algemene Bestuurder van die Raad deurgegee vir opname in die akkreditasieregister.

6.7.1.2 Geakkrediteerde veeartse moet voortdurend op hoogte bly met die veterinêre reëls en reëlveranderings en moet ’n opgedateerde reëlboek (spesifiek die gedeeltes rakende veeartsenykundige aspekte) beskikbaar hê by elke ritbyeenkoms waar hul as hoof-veearts diens doen. Dit is die verantwoordelikheid van elke geakkrediteerde veearts om toe te sien dat hy/sy sy/haar reëlboek op datum hou. Die Algemene Bestuurder moet toesien dat 'n opgedateerde weergawe ten alle tye op die UV v SA webtuiste beskikbaar is.

6.7.1.3 Geakkrediteerde veeartse moet by minstens een ritbyeenkoms elke twee jaar diens doen om akkreditasie te behou. Waar geakkrediteerde veeartse in 'n ander rol (anders as veearts) by ritte betrokke was, kan aansoek by die Veterinêre Uithouritbelangegroep gedoen word om akkreditasie te behou.

6.7.1.4 Die ritkomitee stel die hoofveearts vir die betrokke rit aan.

6.7.1.4.1 Die hoofveearts mag nie gelyktydig ook 'n ander amp/pos tydens 'n rit beklee nie (bv. die voorsitter van die ritkomitee kan nie ook die hoofveearts wees nie).

6.7.1.4.2 Slegs een hoofveearts word vir elke ritbyeenkoms aangestel.

6.7.1.4.3 By ritte wat nie ’n klawervormige baan volg nie en waar daar kontrole-punte by verskillende plekke op die roete is, moet senior veeartse aangestel word om die hoofveearts by te staan, sodat daar ten alle tye ’n senior veearts by elke kontrolepunt (vir solank as wat daar perde deur die kontrolepunt beweeg) teenwoordig is.

6.7.1.5 **Die hoofveearts**:

6.7.1.5.1 Stel vooraf die volgende aan (of skakel vooraf met die ritkomitee om te verseker dat die volgende aangestel word):

- Voldoende veeartse om as kontroleveeartse te dien.
- Minstens een behandelingsveearts. Die hoofveearts se inset is hier van kardinale belang.
- Waar van toepassing, ’n baanveearts.

6.7.1.5.2 Skakel vooraf met die ritkomitee om te verseker dat:

- Daar ’n geskikte behandelingsarea beskikbaar gestel sal word
- Die ondersoekarea groot genoeg is vir die verwagte aantal perde en aan die minimum vereistes voldoen.

6.7.1.5.3 Sien toe dat alle veterinêre aspekte by die rit vlot verloop.

6.7.1.5.4 Sien toe dat alle veterinêre reëls toegepas word.

6.7.1.5.5 Is oorhoofs verantwoordelik vir die beheer oor alle aspekte wat die welstand van die perde raak.

6.7.1.5.6 Verseker dat alle veeartse wat deel van die paneel vorm op hoogte is met prosedures en reëls.

6.7.1.5.7 Aan die einde van die rit moet die hoofveearts die voorgeskrewe hoofveeartsverslag voltooi en by die klubsekretaris indien.

6.7.1.6 Die dienstermyn van die hoofveearts begin ten minste twee ure voordat die voor-ritondersoek van die perde begin en eindig 30 minute na afloop van die prysuitdeling en nadat alle perde se uittekenkaarte geteken is. Die hoof-veearts moet gedurende

hierdie dienstermyn op of naby die terrein van die rit beskikbaar wees, en deurlopend met die ritmeester skakel.

6.7.2 **Kontroleveeartse**. Veeartse wat by die Suid Afrikaanse Veterinêre Raad geregistreer is kan as kontroleveeartse by ritbyeenkomste optree. Veeartse wat in die buiteland (en nie is Suid Afrika nie) geregistreer is, kan ook op uitnodiging as kontroleveeartse optree maar mag nie by die behandeling van perde betrokke raak nie. Indien buitelandse veeartse by ritte optree, moet die hoofveearts wat by die rit diens gaan doen, die SA Veterinêre Raad vooraf in kennis stel hiervan.

6.7.2.1 Dit is die verantwoordelikheid van die hoofveearts om (in oorleg met die ritkomitee) voldoende kontroleveeartse vir 'n ritbyeenkoms aan te stel. Hierdie word gedoen met inagneming van ruitergetalle by vorige ritte wat deur die ritkomitee aangebied was, sowel as ruitergetalle by ritte in dieselfde omgewing gedurende dieselfde jaar. Die volgende geld as minimum vereiste:

6.7.2.1.1 By all ritte tot en met **vyftig (50) perde** kan die hoofveearts en behandelingsveearts as kontorleveeartse diens doen. Daar **MOET** egter een (1) kontroleveearts op roep wees wat dadelik beskikbaar **MOET** wees indien behandelingsveearts benodig word vir dringende behandeling. Vanaf **een en vyftig (51) perde** en meer **MOET** daar **drie (3)** veeartse by die rit wees. Hierna **MOET** daar een (1) addisionele kontroleveearts vir elke vyf en twintig (25) perde beskikbaar wees.

6.7.2.2 Die kontroleveeartse se primêre verantwoordelikheid is om die gesondheid en welsyn van deelnemende perde te verseker. In hierdie konteks moet die veeartse

6.7.2.2.1 Elke perd wat ingeskryf is vir 'n spesifieke rit ondersoek om te verseker dat die perd:

- met die rit kan begin sonder om sy gesondheid en welsyn te benadeel; en
- met die rit kan voortgaan in terme van die veterinêre kriteria soos in die UVVSA reëls neergelê.

6.7.2.2.2 Die ruiters met raad bystaan sodat elke deelnemer die beste kans het om die rit te kan voltooi.

6.7.2.3 Die dienstermyn van die kontroleveeartse begin met die voorritondersoek van die perde en eindig nadat alle perde se uittekenkaarte onderteken is, of op 'n tyd soos deur die hoofveearts bepaal.

6.7.3 **Behandelingsveearts**

6.7.3.1 Slegs veeartse wat by die Suid Afrikaanse Veterinêre Raad geregistreer is kan as behandelingsveearts by ritbyeenkomste optree. Dit word ook aanbeveel dat behandelingsveeartse lede van die "South African Equine Veterinary Association" ('n

groep van die SA Veterinêre Vereniging) behoort te wees en/of dat hulle in die praktyk met die behandeling van perde gemoeid is.

6.7.3.2 Die hoofveearts, in oorleg met die ritkomitee, stel die behandelingsveearts aan. Die behandelingsveearts word addisioneel tot die kontroleveeartse aangestel.

6.7.3.2.1 By alle ritte moet minstens een behandelingsveearts aangestel word. Die behandelingsveearts **MOET** by die rit wees. Die behandelingsveearts kan ook as kontroleveearts diens doen tot 'n perd behandeling vereis.

6.7.3.2.2 By ritte waar meer as 100 perde verwag word, of by ritte wat nie oor 'n klawervormige roete gaan nie, moet meer as een behandelingsveearts beskikbaar wees.

6.7.3.2.1 Die behandelingsveearts moet vooraf in kennis gestel word van sy/haar verantwoordelikhede sodat hy/sy die nodige toerusting en medikasie vir die rit sal saambring.

6.7.3.3 Die behandelingsveearts moet alle perde behandel wat sodanig beseer is dat onmiddellike behandeling vereis word, sowel as lewensreddende behandeling aan alle perde wat tekens van metaboliese ongesteldheid toon toedien. Die behandelingsveearts moet ruiters ook adviseer oor moontlike behandeling van ander probleme en, waar die ruiters dit so versoek, die behandeling toedien (kyk ook Hoofstuk 8).

6.7.3.4 Die dienstermyn van die behandelingsveearts begin met die voorritondersoek van die perde en eindig nadat die uittekenkaarte van alle perde onderteken is. Dit word ten sterkste aanbeveel dat die behandelingsveearts tot die oggend na die rit beskikbaar moet wees.

6.7.4 **<u>Baanveearts</u>**

6.7.4.1 Veeartse wat by die Suid Afrikaanse Veterinêre Raad geregistreer is kan as baanveeartse by ritbyeenkomste optree. Veeartse wat in die buiteland geregistreer is, kan ook op uitnodiging as baanveeartse optree (maar mag nie by die behandeling van perde betrokke raak nie). Indien buitelandse veeartse by ritte optree, moet die SA Veterinêre Raad vooraf in kennis gestel word

6.7.4.2 Die ritkomitee, in samewerking met die hoofveearts van die betrokke rit, besluit of daar van 'n baanveearts by die rit gebruik gemaak sal word. Hierdie besluit moet primêr gegrond word op die moeilikheidsgraad van die baan en die gepaardgaande risiko waaraan die perd blootgestel gaan word).

6.7.4.3 Die baanveearts beweeg gedurende die volle duur van die rit op die baan rond. Hy/sy kan op voorafbepaalde punte op die baan (waar meeste perde van nature sal draf) stelling inneem om van daar die perde wat aan die rit deelneem te observeer.

6.7.4.4 Die dienstermyn van die baanveearts begin wanneer die eerste perd op die roete wegspring, en eindig wanneer die laaste perd die roete voltooi.

6.8 BAANMEESTER

6.8.1 Enige lid van die UVVSA, sowel as enige ander bekwame persoon kan as baan-meester aangewend word.

6.8.2 Die ritkomitee wys die baanmeester(s) aan.

6.8.3 Die baanmeester het die verantwoordelikheid om die roete wat vir die rit gebruik gaan word te merk en voor te berei en om toe te sien dat alles op die baan/roete tydens die rit reg verloop.

6.9 KONTROLEBEAMPTES ("stewards").

6.9.1 Enige lid van die UVVSA, sowel as enige ander bekwame persoon kan as kontrolebeampte aangewend word.

6.9.2 Die ritkomitee moet verseker dat genoegsame kontrolebeamptes aangestel word om die rit vlot te laat verloop. Die volgende is die minimum:

6.9.2.1 Veeartsarea-kontrolebeampte(s). Hierdie beampte(s) voer die volgende pligte uit:

6.9.2.1.1 Sien toe dat die prosedures in die veeartsarea glad verloop.

6.9.2.1.2 Beheer die vloei van perde na die veeartse en stuur perde na ondersoeklane soos veeartse beskikbaar word.

6.9.2.1.3 Sien toe dat die ruiter teenwoordig is.

6.9.2.1.4 Sien toe dat slegs die persone wat volgens die reëls (kyk Hoofstuk 2) in die veeartsarea toegelaat word, in die area ingaan.

6.9.2.1.5 Sien toe dat die tydhouers onmiddellik in kennis gestel word van alle eliminasies, uittredes en ruiters wat onder die trapleerstelsel stop.

6.9.2.1.6 Sien toe dat, waar nodig en so deur die veeartse aangedui, perde na die behandelingsveearts geneem word.

6.9.2.2 Wegspringarea-kontrolebeampte(s). Hierdie beampte(s) voer die volgende pligte uit:

6.9.2.2.1 Verseker dat alle perde in ’n spesifieke groep aanmeld en wegspring.

6.9.2.2.2 Verseker dat geen perd te vroeg wegspring nie.

6.9.2.2.3 Sien toe dat alle ruiters ’n harde hoed dra.

6.9.2.2.4 Sien toe (saam met die ritmeester) dat toerusting en bykomstighede voldoen aan die vereistes soos in die reëls neergelê.

6.9.2.3 Baan-kontrolebeamptes. Hierdie beamptes word aangestel om aspekte op die baan (roete) te kontroleer, en voer die volgende take uit:

6.9.2.3.1 Kan diens doen op die baan by punte waar ruiters maklik verkeerd kan ry (veral by nagritte), sowel as op punte waar ruiters moontlik 'n korter roete sou kon volg, om so seker te maak dat almal die voorgeskrewe roete volg.

6.9.2.3.2 Kan diens doen op die roete om hekke oop en toe te maak (waar hekke nie vir die duur van die rit oopgelaat kan word nie).

6.9.2.3.3 Kan behulpsaam wees met verkeersreëlings op die roete (op punte waar plaaslike/ provinsiale verkeersbeamptes nie diens kan doen nie)

6.9.2.3.4 Verrig take soos bepaal deur die omstandighede/terrein van die spesifieke rit.